

15 November

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 28:16-20; Heidelbergse Kategismus Sondag 21 (v/a 54)**

### **Die heilige, algemene Christelike kerk**

Elke Sondag het ons die voorreg om in die erediens te bely: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk." As die Heidelbergse Kategismus vra wat dit beteken, moet ons die hoofsin in die antwoord raaksien: Jesus maak sy kerk bymekaar.

In Matteus 28 lees ons hoe Jesus sy kerk bymekaar maak. Hy doen dit deur sy dissipels. Waar die dissipels werk, daar groei die kerk. Die dissipels werk nie op hulle eie nie. Voordat Jesus hulle die opdrag gee, sê Hy: "Aan My is alle mag gegee ..." en nadat Hy die opdrag gegee het, sê Hy: "Ek is by julle ..." So, saam met sy dissipels, maak Jesus sy mense bymekaar. Die Heidelbergse Kategismus verseker ons dat Jesus deur sy Woord en Gees sy mense versamel.

Wie is die dissipels? 'n Dissipel is 'n lewende lid van die kerk. Die dissipels saam is die kerk. As lidmaat word ek by Jesus se kerkbou-projek ingeskakel. My geloofslewe moet daarom meer as net my eie saligheid inhou. As instrument wil Jesus my in sy kerk gebruik.

Jesus wil my aan die binnekant van die kerk gebruik. Deur my gebede, my woorde, my tyd, my dankoffers wil Hy my gebruik om die kerk te beskerm teen die aanvalle van die bose. Jesus se opdrag is egter nie net: "Hou vas wat julle het", nie. Hy beveel sy kerk om oor grense te gaan, na alle nasies toe en daar ook dissipels te maak. Miskien wil Hy my as ondersteuner gebruik: dat ek deur my gebede, ondersteuning en dankoffers iemand help om oor die grense te gaan en dissipels te maak. Miskien roep Hy jou om vir Hom grense oor te steek.

Van een ding kan ons seker wees: Jesus versamel sy kerk en Hy wil jou en my daarin gebruik.

*Sing: Psalm 87:1 (2001-omdigting)*

*Ds. D van't Zand (Witpoortjie)*